Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers

The South African Society of Music Teachers

NUUSBRIEF

Hierin al ons doen en late van die afgelope tyd.

LIEF EN LEED

Marthie Claasen se dogter is oorlede die oggend van ons jaarlikse konvensie. Sanet Botha het haar namens die tak besoek en 'n ruiker blomme aan haar oorhandig. Louise Labuschagne se retina het geval en sy kon vir 'n tydperk nie werk nie.

KONFERENSIE 2011

Die konferensie wat in Durban plaasgevind het in die April vakansie was besonder goed gereël en baie interessant, veral vir klavieronderwysers, voornemende opera repititeurs, begeleiers en konsertpianiste. Die tematiese strekking van die onderwerpe was baie op die praktyk gerig en dus besonder leersaam. Gisela Scriba het meesterklasse en lesings van hoë gehalte gelewer en ons was baie trots op haar. Dit was baie gesellig en groot pret.

FINANSIES/BYDRAES

Daar word besluit om met die hele SAVMO te sinkroniseer. By die volgende Algemene Jaarvergadering gaan ons die ledegeld opskuif na R200 per lid per jaar.

KONSERTE

Die leerderskonsert wat by Valleisig NG kerk plaasgevind het op 16 April 2011 was 'n groot sukses. Ons kollekteer bietjie geld by die gehoor om by te dra tot die elektrisiteitsverbruik by die kerk. Ons oorweeg dit om toegangsgeld te vra sodat dit bietjie fondse vir ons kan genereer. Op 30 Julie 2011 om 14:30 het die volgende konsert met nog groter sukses plaasgevind op dieselfde plek en tyd. Die beoogde konsert met Charl Du Plessis in medewerking met Helpende Hand het ongelukkig deur die mat geval hierdie jaar, omdat ons nie 'n geskikte datum kon kry vir hierdie fondsinsamelings geleentheid wat volgens ons 'n instelling moet word nie. Ons kan besluit aan wie die beurs wat Helpende Hand sal toeken, jaarliks gegee word..., 'n behoeftige musiekstudent.
Marthie sal gaan uitvind watter datums Valleisig N G Kerk beskikbaar het vir hulle groot auditorium en kombuis en daarna sal ons met Charl reël vir 'n datum vir volgende jaar in Februarie/Maart.

KONVENSIE 21 Maart 2011 9:00-13:00

Komiteelede het die verversings voorsien.
Die swartman wat die hek oppas het 'n bedrag geld gekry.
Gisela het pepermente gebring en die registrasietafel behartig.
Marietjie sal het haar urn gebring.
Marietjie en Sanet het Pizzatjies gemaak.
Dinky en Elma het toebroodjies gebring.
Dinky het ook al die servette, tafeldoeke en tafelversierings bring en versorg.
Pat het heerlike tuna versnaperinge vir die tee verskaf.
Marié het gereël vir die koppies, vier tafels en die gebruik van die saal.
Vivienne was verantwoordelik vir die bedankings aan die einde.

Sanet het die geskenkies aan die sprekers uitgedeel en hulle bedank.
Daar was besluit om 'n gelukkige trekking te hou. Gisela Scriba het spesiaal 'n handdoek laat uitborduur vir die geleentheid. Ander klein prysies wat sy en Marietjie Hesse beskikbaar stel, was ook uitgedeel.
Ilze Coetzee het die tweedehandse boektafel behartig.
Die lesings was voortreflik en almal het saamgestem dat die geleentheid 'n groot sukses was behalwe dat daar te min lede opgedaag het..

EISTEDDFOD 2011

Die Eisteddfod was 'n reuse sukses. Prof Joseph Stanford by die klavierafdeling, het wonderlik beoordeel en het aan die einde van elke sessie vir elke kind 'n mini-meestersklas gegee.
Die puik Gala aand van die Eisteddfod het plaasgevind op Donderdagaand 8 September in die Taormeniun Konsertkamer. Die beskermvrou van die Pretoria Eisteddfod was teenwoordig en die konsert was van uitstaande gehalte. Die president van SAVMO, Leon Hartshorne was ook teenwoordig en het aan Marié Gaerdes die voorsitster van die Staande Komitee, die lewenslid sertifikaat vir getroue diens, oorhandig. Die Uitvoerende Beampte Elma Britz en die Gautengse Vise-presidente Marietjie Hesse was ook teenwoorrdig.
Voorstelle vir beoordelaars vir volgende jaar moet nou gedoen word. John Roos word voorgestel om die klavierafdeling waar te neem. Enige voorstelle van julle kant af sal verwelkom word vir alle afdelings.

BORGSKAP VIR DIE EISTEDDFOD

Sanet Botha kan dalk 'n borgskap by Outsurance kry. Ons kry nou ons boeke reg om by hulle in te lewer. Marié Gaerdes het 'n brief opgestel wat ons aansoek om borgskap by Outsurance moet motiveer.

TERUGVOER VAN LEDE

Ons wil graag hê dat lede vir ons moet sê watse soort lesings en aktiwiteite ons gedurende die jaar moet aanbied. Byna niemand kom na die geleenthede wat ons reël nie dus wil ons julle insette kry in verband met wat ons moet reël,

Julle moet lekker musiek maak.

Groete,

SAVMO PRETORIA